higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1090**(A)**(J12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

BEMARKINGSNAVORSING N6

(4030086)

12 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BEMARKINGSNAVORSING
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Trek 'n streep na elke vraag.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur ’n woord of ’n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kwota; mediaan; redigering; kruistabellering; ratio; kodeboek; steekproef; sensus; gemiddelde; teikenpopulasie; sistematiese steekproefneming; parameter; niewaarskynlikheid; afhanklikheid

1.1.1 Behels 'n volledige ontleding van die elemente van 'n populasie.

1.1.2 Hersiening en sifting van vraelyste vir die doel van presisie en akkuraatheid.

1.1.3 Bevat die nodige inligting oor veranderlikes in die data asook koderinginstruksies.

1.1.4 'n Steekproef word gekies deur 'n ewekansige beginpunt te kies en om dan elke element in opvolging van die steekproefraam uit te kies.

1.1.5 Steekproefnemingsmetode wat gesien kan word as 'n tweestadiumbeperkte oordeelsproefneming.

1.1.6 Statisties verkry deur al die elemente in 'n stel op te tel en dit deur die aantal elemente te verdeel.

1.1.7 Metingskaal wat objekte kan identifiseer en rangorde gee en verskille vergelyk.

1.1.8 Metode vir die keuse-van-ontleding-metode wat toepaslik is as een of meer veranderlikes identifiseer kan word as afhanklike veranderlikes en die oorblywendes as onafhanklike veranderlikes.

1.1.9 Statistiese tegniek wat twee of meer vernaderlikes gelyktydig beskryf.

1.1.10 Versameling elemente wat inligting bevat wat 'n navorser soek en waaruit afleidings gemaak kan word.

(10 × 2) (20)

1.2 Bespreek die AGT stappe van die bemarkingsnavorsingsproses in die korrekte volgorde. (25)

1.3 Maak 'n lys van VYF eksterne bronne van sekondêre data. (5)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Gee 'n voorbeeld van elk van die volgende soorte vrae met moontlike antwoorde:

2.1.1 Digotomies

2.1.2 Ope vraag

2.1.3 Likert-skaal

2.1.4 Metingsterugvoeringskaal

2.1.5 Kontrolelys

(5 × 3) (15)

2.2 Bespreek projektiewe tegnieke as 'n waardevolle metode om kwalitatiewe data te versamel. (10)

2.3 Maak 'n lys van VYF onderwerpe wat in 'n opleidingswerkswinkel vir veldwerkers gedek moet word. (5)

2.4 Beskryf VYF doelwitte van 'n goeie meetskaal. (5 × 2) (10)

2.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.5.1 Verbruikersgedrag, soos aankoopgeleenthede kan deur 'n bemarker gebruik word as kriterium vir segmentasie.

2.5.2 In die praktyk is daar drie vlakke van vooruitskatting, naamlik ekonomiese, industriële en maatskappyvooruitskatting.

2.5.3 Die Delphi-metode van kwalitatiewe vooruitskatting stel deelnemers in staat om van plan te verander.

2.5.4 Gebruik van die inkomste-elastisiteit koëffisient in vooruitskatting is gebaseer op die aanname dat slegs inkomste die aanvraag na 'n produk sal beïnvloed.

2.5.5 Rekwisisie-ontleding impliseer bemarkingsnavorsing met die spesifieke doel om aanvraag in die mark te bepaal.

(5 × 2) (10)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Bemarkingsnavorsing oor verbruikersreaksie en gedrag teenoor 'n produk vind plaas in die (bekendstellings-/groei-) fase van die produklewensiklus.

3.1.2 Die impak van besluite deur besluitnemers raak die fokus van bemarkingsnavorsing tydens die (volwasse/kwynende) fase van die produklewensiklus.

3.1.3 Bemarkingsnavorsing fokus op stadige verkope en ondersteuningsdienste tydens die (groei-/volwasse-) fase van die produklewensiklus.

3.1.4 Tydens die groeifase van die produklewensiklus sal die hooffokus op bemarkingsnavorsing wees (kompetisie/promosie).

3.1.5 Die vier markmengselelemente is die fokus van bemarkingsnavorsing tydens die (bekendstellings-/kwynende) fase van die produklewensiklus.

(5 × 2) (10)

3.2 'n Bemarkingsnavorser kan vorige verkope ontleed om 'n aanduiding te gee van hoe produkverkope in die toekoms sal wees.

Verduidelik kortliks VIER metodes waarvolgens verkope ontleed kan word.

(4 × 2) (8)

3.3 Verskeie potensiële foute kan 'n navorsingsontwerp beïnvloed.

Gee 'n kort beskrywing en 'n voorbeeld van die foute wat onderhoudvoerders kan maak en dui aan hoe elke fout minimaliseer kan word. (3 × 3) (9)

3.4 Toetsbemarking is 'n gekontroleerde eksperiment wat in beperkte, maar sorgvuldig gekose dele van die mark, genoem toetsmarkte, plaasvind.

3.4.1 Maak 'n lys van die stappe in toetsbemarking. (8)

3.4.2 Maak 'n lys van VYF kriteria wat toepaslik sal wees wanneer 'n toetsmark gekies word. (5)

3.5 Die beskrywing van wat by 'n metodologie ingesluit moet word, is baie belangrik aangesien dit die geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsbevindings aandui.

Beskryf kortliks VYF items wat in die metodologie van die navorsingsverslag ingesluit behoort te word. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die rol van bemarkingsnavorsing in die besluitnemingsproses. (5 × 2) (10)

4.2 In baie gevalle is steekproefneming beter as 'n sensus.

Verduidelik, onder elk van die volgende hoofde, hoekom dit dikwels beter is om 'n steekproef eerder as 'n sensus te gebruik:

4.2.1 Tyd

4.2.2 Begroting

4.2.3 Foute

4.2.4 Grootte

4.2.5 Geheimhouiding

(5 × 2) (10)

4.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 MIS is 'n informele stel prosedures wat inligting in 'n besigheid genereer en berg.

4.3.2 Een van die doelwitte van DSS is om inligting vinnig en doetreffend te kry en te prosesseer.

4.3.3 DSS verbeter besluitneming deur gebruik te maak van modelle en "wat as"-ontleding.

4.3.4 MIS is toepaslik om ongestruktureerde probleme op te los en maak voorsiening vir gebruikersvriendelike interaksie.

4.3.5 Bemarkingsnavorsing is 'n eksakte wetenskap aangesien nie baie veranderlikes 'n navorsingsprojek kan beïnvloed nie.

(5 × 2) (10)

4.4 Onderskei tussen *metriese* en *nie-metriese* as vereistes vir keuse-van-ontledingmetodes. (6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

4.5 Waarneming is 'n metode om primêre data te versamel indien die waarnemer nie kommunikeer met diegene wat waargeneem word nie.

Verduidelik kortliks elk van die volgende waarnemingsmetodes en gee 'n toepaslike voorbeeld:

4.5.1 Vermomde waarneming

4.5.2 Gewronge waarneming

4.5.3 Meganiese waarneming

4.5.4 Oudits

(4 × 2) (8)
[50]

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Watter EEN van die volgende is 'n kernkriterium vir 'n missiestelling:

A Moet sin maak
B Moet insig bied
C Herkenbaar wees
D Toon wie jy is

5.1.2 Die doelwit van probleemoplossingsnavorsing:

A Die identifikasie van probleme
B Vooruitskatting
C Bepaal saketendense
D Kry 'n oplossing

5.1.3 Watter EEN van die volgende is NIE 'n interne bron van sekondêre data:

A Voorraadstate
B Verkoopsfakture
C Finansiële state
D Sensusstatistiek

5.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE beskrywend van panele nie:

A Gehou deur sindikaatfirmas
B Voorsien inligting oor 'n uitgebreide periode
C Gewilde manier om data van kleinhandelaars en groothandelaars te verkry
D Semipermanente steekproef

5.1.5 Watter EEN van die volgende waarnemingsmetodes maak voorsiening vir meganiese inligtingversameling oor verbruikersaankope:

A Oudits
B Oudiometer
C Optiese skandeerder
D Psigogalvanometer

5.1.6 Watter EEN van die volgende is NIE 'n voordeel van veroordelingssteekproef nie:

A Lae koste
B Gerieflik
C Nie tydrowend nie
D Subjektief

(6 × 2) (12)

5.2 Bespreek VIER faktore wat gebruik kan word om sekondêre data te evalueer. (4 × 2) (8)

5.3 Beskryf VYF belangrike oorwegings wanneer die navorser besluit oor die uitleg en reproduksie van 'n vraelys. (5)

5.4 Onderskei tussen DRIE navorsingsontwerpe wat in bemarkingsnavorsing voorkom. (3 × 3) (9)

5.5 Steekproefmetodes word geklassifiseer as niewaarskynlikheidsteekproefneming of waarskynlikheidsteekproefneming.

Noem VIER waarskynlikheidsteekproefnemingsmetodes en gee 'n kort beskrywing van elk. (4 × 3) (12)

5.6 Noem VIER soorte verslae wat gebruik kan word om inligting en idees op skrif uit te druk. (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou